GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Die Wapens van ons Stryd

DEEL 2

Die helm van verlossing

Die helm van verlossing is die deel van die wapenrusting wat die kop beskerm en dus ons verstand. Ons verstand is die slagveld van die vyand! Hy sal ons altyd aanval in die gebied van ons gedagtes en as hy deur ons reaksie sien dat hy suksesvol was om ons sy leuens te laat glo; kom hy in om die doodslag te gee! Die helm van verlossing is bedoel om ons gedagtes te beskerm en ons te help om die leuens van Satan te weerstaan, en sy grootste leuen is om twyfel in ons gemoed te plaas aangaande ons verlossing en ons ewige lewe! Sodra ons ons hart vir Jesus gegee het en Hom Here van ons lewe gemaak het, moet ons elke dag wandel in die versekering van ons ewige verlossing, as ons aanhou om Hom te dien!

Ons lees in **1 Joh. 5:10-13: Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie. En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.** God het vir ons in Sy Woord voorsiening gemaak om `n versekering en `n innerlike getuie van die Heilige Gees te hê dat ons gered is toe ons Sy Seun as ons persoonlike Verlosser ontvang het. Die wonderlike waarheid aangaande redding is dat die vrees vir die dood nie langer `n strydvraag in ons lewe is nie, omdat ons weet dat ons die ewige lewe in Christus Jesus het!

Ons lees in **Heb. 2:14-15: Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het-dit is die duiwel-en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.** Ons het die belofte dat wanneer ons hierdie lewe op aarde verlaat, ons dadelik verblyf in die hemel het met ons Hemelse Vader en Jesus, die Koning van die Konings! Halleluja! Ons breek elke oggend brood, en soos ons in gedatenis bring wat Jesus vir ons aan die kruis op Golgota gedoen het, dank ons Hom vir ons verlossing en genesing, wat Hy met so `n duur prys vir ons gekoop het!

Op die wyse trek ons die helm van verlossing aan, en herinner Satan dat ons deur die kosbare Bloed van Jesus gered is, en dat geen leuen van hom by magte sal wees om die feit te vernietig nie, wat deur God Self in Sy Woord bevestig is!

Die sward van die gees—die Woord van God "En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees--dit is die woord van God" (Ef. 6:17).

1 Joh. 2:14:" Ek het aan julle geskrywe....omdat julle sterk is en die Woord van God in julle bly en julle die bose oorwin het."

`n Hele boek kan geskryf word oor die Swaard

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die wapens van ons stryd….)

van die Gees, nie omdat die ander wapens minder waardevol of belangrik is nie, maar omdat die Swaard van die Gees – die Woord van God deur Jesus Self as `n wapen gebruik is toe Hy teen Satan in die woestyn te staan gekom het en versoek is.

Ons lees in **Luk. 4:1-13: En Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer van die Jordaan af, en is deur die Gees in die woestyn gelei, waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is; en Hy het niks geëet in die dae nie; en toe hulle verby was, het Hy naderhand honger geword. Toe sê die duiwel vir Hom: As U die Seun van God is, sê vir hierdie klip dat dit brood moet word. Maar Jesus antwoord en sê vir hom: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord van God. Toe bring die duiwel Hom op `n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in `n oomblik se tyd. En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort. En Jesus antwoord en sê vir hom: Gaan weg agter My, Satan, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. Toe bring hy Hom na Jerusalem en stel Hom op die dak van die tempel en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself hiervandaan neer. Want daar is geskrywe: Hy sal Sy engele bevel gee aangaande U om U te bewaar, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien U voet teen`n klip stamp nie. En Jesus antwoord en sê vir hom: Daar is gesê: Jy mag die Here jou God nie versoek nie. En toe die duiwel elke versoeking geëindig het, het hy `n tyd lank van Hom gewyk.**

JESUS het die aanvalle van Satan op Hom oorwin, omdat Hy dit afgeweer het deur die Swaard van die Gees te gebruik en te sê: **"daar is geskrywe…"** en dan die Woord van God aan te haal.

Die Bybel verseker ons dat God wakker is oor Sy Woord om dit te volbring: **Toe sê die HERE vir my: Jy het goed gesien, want Ek is wakker oor my woord om dit te volbring (Jer.1:12).**

Dit verseker ons ook dat dit kragtig, lewend en produktief is. Ons lees in **Heb.4:12: Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.** Jesus vertel ons van die woorde wat Hy spreek en sê dat hulle LEWEND is, en ons lees dit in **Joh. 6:63 ….die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.** Hy verklaar ook dat elke woord wat Hy spreek direk van Sy Vader in die Hemel kom, en ons lees dit in **Joh. 12:49-50: Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek-net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek.** Jesus het geweet dat wanneer Hy die woorde van Sy Vader gespreek het, wat in die Bybel opgeteken is, Hy die volle ondersteuning van God sowel as alles in die Hemel gehad het! **Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele (Ps. 119:89).**

Hy het geweet dat Vader God altyd Sy woord eer en dit laat gebeur en dat Satan in sy spore gestuit word as Hy God se onfeilbare, onvernietigbare, heel kragtigste en ewigdurende WOORD, op die lippe van `n Gelowige hoor! Die Bybel vertel vir ons in **1 Pet. 1:23** dat God se Woord onverganklik is! **Want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.** Jesus het ook geweet dat wanneer Hy die woorde van Sy Vader gespreek het, dat Sy Vader se belofte aangaande **Jes. 55 :11** sou gebeur. God se belofte is: **So sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.** Hoe ontsagwekkend is dit om te weet dat ek en jy as kinders van die Allerhoogste God, Sy Woord in die Naam van Jesus kan uitspreek met die vertroue dat ons weet dat dit die werk sal volbring waarvoor Hy dit bedoel het!

Die Vader, Seun en Heilige Gees is voortdurend in verbinding met mekaar, alhoewel hulle Een is, en toe God die man geskape het, soos opgeteken in Genesis, het Hy hom na Sy beeld geskape, na die beeld van die drie-enige God (Gen.1:26)! Die mens is die enigste deel van God se skepping wat by magte is om te kommunikeer deur te praat, want God het die mens so gemaak, sodat hulle saam gemeenskap (fellowship) kan hê. Hy het begeer om met die mens deur middel van spraak te kommuni-

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die wapens van ons stryd…)

keer, deur die gebruik van woorde, en God het aan die mens die Bybel gegee sodat Hy met hom deur Sy Woord kan praat! Ons kommunikeer met God deur met Hom in gebed te praat. Hy reageer deur met ons deur Sy Woord en deur die Heilige Gees te praat.

Die Woord verloor nooit sy krag nie! Wanneer God se Woord in die hart van `n kind van God geglo word en hardop uitgespreek word, word dit ondersteun deur Sy gesag! Die Bybel vertel vir ons dat daar **dood en lewe in die mag van die tong is (Spr.18:21).** Die woorde wat ons spreek kan opbou of afbreek! Ons lees wat Jesus vir Sy dissipels gesê het in **Mark. 11:22-23: Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê. Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see-en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur-hy sal verkry net wat hy sê.** Met ander woorde, wanneer jy iets in jou hart glo en dit met jou mond uitroep, WAT JY Sê IS WAT JY KRY! Jesus meld "sê" drie keer in die voorafgaande verse, omdat Hy weet dat die mens dit moeilik vind om hardop te praat vir dit waarvoor hy glo of voor gebid het, en dit is tog so belangrik. Die "gesproke deel" daarvan, wat ons in ons hart glo, dui ons geloof aan! Die Woord van God leer ons wat om te doen om gered te word en dieselfde beginsel is hier van toepassing.

Ons lees dit in **Rom. 10:8-10: Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.** Ons moet hardop bely dit wat ons glo. Dit is dieselfde as wanneer `n man en vrou hul huweliksbeloftes aflê, voordat hulle dit nie werklik Sê nie, is hulle nie getroud nie. Woorde is baie belangrik vir God en daarom behoort hulle net so belangrik vir ons te wees! Inderdaad is God se woord so belangrik vir Hom dat Hy dit bo Sy Naam gestel het! Kom duidelik na vore in die Engelse vertaling: **I will worship toward Thy holy temple, and praise Thy name for Thy loving kindness and for Thy truth: for Thou hast magnified Thy word above all Thy name (Ps.138:2).**

Ons moet seker maak dat die belydenis van ons geloof goed is en volgens God se Woord! Ons beste verklaring of belydenis is om te Sê wat God van ons sê, en dan gebruik ons die Swaard van die Gees soos dit gebruik behoort te word, en wag geduldig en met verwagting vir die vervulling van die beloftes van God in ons lewe!

Laat ons na `n paar slegte verklarings kyk wat ons dikwels onbewus oor onsself maak, dan sal jy verstaan hoe onverantwoordelik en sonder om te dink ons praat. Verklarings van mislukking deur ons eie woorde:

Belydenis van Vrees: "Ek is so hopeloos – ek wonder of ek dit ooit sal kan doen?"

Belydenis van Geloof: **Rom. 8:37: "Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het". Filip.4:13 "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."**

Belydenis van Vrees: "Soos dinge nou staan, sal ek hierdie maand glad nie my huur kan betaal nie".

Belydenis van Geloof: **Filip.4:19: "En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus,** dus weet ek dat ek my huurgeld betyds sal ontvang!"

Belydenis van Vrees: "Waarom gebeur dit altyd met my?"

Belydenis van Geloof: **Ps. 91:10: "As jy die Allerhoogste jou beskutting gemaak het…sal geen onheil jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie."** As ek vertrou en Hom toelaat om my op die weg te lei, sal Hy vir my onderneem.

HOE STERKER EN DAPPERDER MY GELOOF EN VERKLARING IS, HOE GROTER IS MY OORWINNING!

Hou op om te sê: "Ek wens ek was geseënd!" Begin sê: "Ek IS geseën met al die geestelike seëninge in Christus Jesus. Halleluja!"

Hier is `n paar goeie belydenisse uit die Woord van God, wat aan jou behoort – glo hulle en verklaar hulle hardop en DIKWELS, want hulle is lewe vir jou gees mens en jy sal vind hoe jou geloof opgebou word deur God se Woord en vrees verdwyn vinnig!

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Die wapens van ons stryd….)

1. Ek bely dat Jesus my Here is (Rom. 10:9,10). Ek is Gered!

2. Ek bely dat ek deur Sy wonde genees is (Jes. 53:5). Ek is genees!

3. Ek bely dat die Seun my vrygemaak het (Joh. 8:36). Ek is volkome vry!

4. Ek bely dat God Sy liefde in ons harte uitgestort het deur die Heilige Gees (Rom. 5:5). Ek kan almal liefhê.

5. Ek bely dat die regverdige so dapper soos `n leeu is (Spr.28:1). Ek is dapper, veral in die geveg met Satan.

6. Ek bely dat Hy my nooit sal begewe of verlaat nie (Heb. 13:5). Ek is altyd in God se teenwoordigheid.

7. Ek bely dat ek `n loot van die Ware Wynstok is (Joh. 15:5). Ek is vol van die Ware lewe van Jesus.

8. Ek bely dat ek `n temple van God is (2 Kor. 6:16). Ek het die Heilige Gees binne-in my.

9. Ek bely dat God in al my behoeftes sal voorsien (Filip. 4:19). Ek het genoeg vir my behoeftes.

10. Ek bely dat God nie aan my `n gees van vrees gegee het nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing (2 Tim. 1:7). Ek het die moed en krag om sonder vrees te leef!

Laat die swakke sê: “Ek is sterk” (Joel 3:10).

God se Ewige Woord

Ons lees in die Evangelie van Johannes dat Jesus die Woord van God is, wat vlees geword het. God die Vader het in werklikheid Sy Lewende Woord gestuur, Jesus, om hier op die aarde te woon! **In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon-en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom-vol van genade en waarheid (Joh. 1 verse 1, 2, 3 en 14).**

Dan sien ons in Openbaring, dat wanneer Jesus terug kom aarde toe om die Antichris en sy volgelinge te oordeel, steeds na Hom verwys word as die Woord! **En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige (Openb. 19:13-15).**

Neem kennis uit die voorafgaande Skrif, dat Sy Vader se Woord, die Swaard van die Gees steeds in Sy mond is en Hy gebruik dit in die geveg om die vyande van God mee te verslaan! Hoeveel te meer behoort Sy kinders nie geestelike oorlogvoering te doen deur God se Woord uit te roep nie!

Begin elke dag met die Woord van God, die Swaard van die Gees op jou lippe. Begin die dag met `n goeie belydenis in lyn met die Bybel. Memoriseer God se wonderlike Woord, mediteer daaroor, maak dit jou eie en spreek dit hardop uit! **“U Woord sal ek nie vergeet nie” (Ps. 119:16).**

Bid in die Gees

“Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees” (Ef. 6:18).

Hierdie wapen word baie spesifiek in die lys van geestelike wapens genoem, wat deel vorm van ons geestelike wapentuig soos in Ef.6 genoem. Om hierdie rede moet ons dit in aanmerking neem of anders is ons wapenrusting nie volledig nie. Wanneer ons gebede bid wat deur die Heilige Gees gelei word, weet ons dat ons volgens God se wil bid en dat Hy dit verseker sal antwoord (1 Joh. 5:14-15). Daar is egter tye wanneer ons nie seker is van hoe om te bid nie en dit is wanneer “bid in die Gees” of bid “in tale” ons magtigste geestelike wapen word, om die vyand terug te dryf! Om die gawe van God om in tale te spreek te ontvang, het ons die doop in die Heilige Gees nodig, wat die Geskenk van God is aan die gelowige wat dors na Sy Lewende Water.

Ons lees dit in **Joh. 7:38 -39: Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.** Die doop in die Heilige Gees is `n kosbare gawe van God, wat Hy begeer om aan elke gelowige in Jesus te gee. Jy ontvang dit deur geloof volgens Sy belofte aan Sy dissipels in **Luk. 24:49: En kyk, Ek stuur die belofte van my**

(Verrvolg op Bl. 5)

(Vervolg vanaf Bl. 4 - Die wapens van ons stryd)

Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte. Ons lees dieselfde woorde van belofte deur Jesus weer `n keer in **Hand. 1:5 en 8: "Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie. Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde."**

Jesus is die Doper in die Heilige Gees, wat reeds uitgestort is volgens Hand.2:1-13. Die belofte was nie net vir diegene van die vroeë Kerk nie, soos soms geglo is, maar vir die van ons wat die krag begeer om getuies vir Hom in die dae te wees. Petrus het hulle wat hom gevra het wat hulle moes doen, sodat hulle gered kon word, geantwoord in **Hand.2:38-39: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.**

Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.

Vader God wag vir jou om te dors na meer van Hom, sodat Jesus jou met die Heilige Gees kan doop. Die sigbare bewys van die doping in die Heilige Gees volgens Hand.2:4, is die spreek in tale (Lees Hand.10:44-48 en Hand.19:6). Wanneer jy in die Gees bid, bid jy die volmaakte gebed, bo jou eie verstand, dit is `n Goddelik geïnspireerde gebed wat Satan en sy demone nie kan verstaan nie, maar wat God hoor en antwoord! Om in tale te bid is `n dinamiese geestelike wapen.

(Lees ons boek: "Ondervind die Heilige Gees"). ●

JESUS' COMMANDMENT

Jesus said to His disciples before He was crucified, **A new commandment I give unto you, That ye love one another; as I have loved you, that ye also love one another. By this shall all *men* know that ye are my disciples, if ye have love one to another (John 13:34-35).** Firstly we must realise that Jesus said that it was a **commandment** to His disciples, (to those who desire to follow Him), and secondly that it would be the **hallmark** by which others would be able to see His love displayed. In the late 1970's when we experienced a wonderful move of the Holy Spirit in Stanger, people came from all over the country to be part of what was happening at the time, and apart from the wonderful healings and miracles that God was doing, people said that it was the amazing love that flowed amongst His born again children, that drew them to wanting to receiving Jesus Christ as their personal Saviour. Everyone craves sincere, genuine and unconditional love and His love working in and through us undoubtedly draws sinners to want to be reconciled to their Heavenly Father through His Son Jesus.

God loved this world so much, the Bible tells us that He sent His only Son, Jesus to die the most horrific death on the cross so that we might be forgiven of our sin and be reconciled to Him! **(John 3:16)** What great love He has shown towards us sinners, and because He saved us through His great love, He has a right to command us to love one another. Remember, He chose to love us whilst we were sinful and unlovely, He loved us enough to sacrifice His Son to die on a cross!

You see God's love is not an emotional, sentimental feeling, but rather a choosing, an act of the will. God is love! God is a Giver, and He wants us to show forth His nature. How does God demonstrate His love towards us, His children? He forgives us- so we should forgive others. He is kind to us- so we should be kind to others. He is patient with us- so we should be patient with one another. We should treat others in the same way that God treats us.

Jesus said in **John 15:13: Greater love hath no man than this, that a man lay down his life for his friends.** But Jesus laid down His life for His enemies! This is a perfect pattern of love even unto death. Paul gives us the amazing illustration of love in **1 Cor. 13:1-8 and 13: If I (can) speak in the tongues**

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Jesus' command.. ..)

of men and (even) of angels, but have not love (that reasoning, intentional, spiritual devotion such as is inspired by God's love for and in us), I am only a noisy gong or a clanging cymbal. And if I have prophetic powers – that is, the gift of interpreting the divine will and purpose; and understand all the secret truths and mysteries and possess all knowledge, and if I have (sufficient) faith so that I can remove mountains, but have not love (God's love in me) I am nothing – a useless nobody. Even if I dole out all that I have (to the poor in providing) food, and if I surrender my body to be burned (or in order that I may glory), but have not love (God's love in me), I gain nothing. Love endures long and is patient and kind; love never is envious nor boils over with jealousy; is not boastful or vainglorious, does not display itself haughtily. It is not conceited – arrogant and inflated with pride; it is not rude (unmannerly), and does not act unbecomingly. Love (God's love in us) does not insist on its own rights or its own way, for it is not self-seeking; it is not touchy or fretful or resentful; it takes no account of the evil done to it – pays no attention to a suffered wrong. It does not rejoice at injustice and unrighteousness, but rejoices when right and truth prevail. Love bears up under anything and everything that comes, is ever ready to believe the best of every person, its hopes are fadeless under all circumstances and it endures everything (without weakening). Love never fails – never fades out or becomes obsolete or comes to an end. As for prophecy (that is, the gift of interpreting the divine will and purpose), it will be fulfilled and pass away; as for tongues, they will be destroyed and cease; as for knowledge, it will pass away (that is, it will lose its value and be superseded by truth).

And so faith, hope, love abide; (<u>faith,</u> conviction and belief respecting man's relation to God and divine things; <u>hope</u>, joyful and confident expectation of eternal salvation; <u>love</u>, true affection for God and man, growing out of God's love for and in us), these three, but the greatest of these is love (Amp.Bible).

We read in **Titus 3:3-4: For we ourselves also were sometimes foolish, disobedient, deceived, serving divers lusts and pleasures, living in malice and envy, hateful, *and* hating one another. But after that the kindness and love of God our Saviour toward man appeared....**When we became born again, love came to dwell inside of us, because God is Love! **(1 John 4:8)** Our old nature was often not so loving, but with our new birth, love became part of it. **Seeing ye have purified your souls in obeying the truth through the Spirit unto unfeigned love of the brethren, *see that ye* love one another with a pure heart fervently: Being born again, not of corruptible seed, but of incorruptible, by the word of God, which liveth and abideth for ever (1Pet. 1: 22-23).** What does unfeigned love mean? It means it is a sincere love, not manufactured or hypocritical. It is a fervent love, which is pure without bad motives or any manipulation. In **1John 3:10-11** we read: **In this the children of God are manifest, and the children of the devil: whosoever doeth not righteousness is not of God, neither he that loveth not his brother. For this is the message that ye heard from the beginning, that we should love one another.**

This message was given to us from the beginning when Jesus said to His disciples: **If ye keep My commandments, ye shall abide in My love; even as I have kept My Father's commandments, and abide in His love. These things have I spoken unto you, that My joy might remain in you, and *that* your joy might be full. This is My commandment, That ye love one another, as I have loved you (John 15:10-12).**

So often we think that as long as our relationship with God is on track, it does not matter so much whether or not we are getting along with others, but how wrong we can be. This is living a lie because it is impossible to "love God and hate your brother!" **He that loveth his brother abideth in the light, and there is none occasion of stumbling in him. But he that hateth his brother is in darkness, and walketh in darkness, and knoweth not**

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - Jesus' command...)

whither he goeth, because that darkness hath blinded his eyes (1 John 2:10-11). It is interesting to note that there are twelve different references to "love one another" in the Bible, and when Jesus was asked "what is the greatest commandment?" **Jesus said unto him, Thou shalt love the Lord thy God with all thy heart, and with all thy soul, and with all thy mind. This is the first and great commandment. And the second *is* like unto it, Thou shalt love thy neighbour as thyself. On these two commandments hang all the law and the prophets (Matt. 22:37-40).**

As I have said at the beginning, the Agapé love of God, is based on choice, we choose with our own free will to love, just as we make a choice to forgive, because this is also a commandment of God, and when we choose to walk according to His statutes and commandments, we are freeing ourselves from bondage and walking in the ways of God, and His blessings follow. We read in **Matt.5:44 : But I say to you, love your enemies, bless those who curse you, do good to those who hate you...** This is the nature and character of our Heavenly Father, and we have been born again of His Spirit.

Beloved, let us love one another: for love is of God; and every one that loveth is born of God, and knoweth God. He that loveth not knoweth not God; for God is love. In this was manifested the love of God toward us, because that God sent His only begotten Son into the world, that we might live through Him. Herein is love, not that we loved God, but that He loved us, and sent His Son *to be* the propitiation for our sins. Beloved, if God so loved us, we ought also to love one another. No man hath seen God at any time. If we love one another, God dwelleth in us, and His love is perfected in us (1John 4:7-12). ●



UIT ONS KANTOOR

Ek lief **Ps. 91:2: Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou.**

Toe Jesus en Sy dissipels in 'n boot op die See van Galilea was en 'n groot storm opgekom het, het Hy nie vir Sy dissipels gesê: "Die storm is hier om ons durf te gee" nie. In plaas daarvan het Hy gesag geneem oor die storm en gesê: **"Swyg, wees stil!" En daar het 'n groot stilte gekom (Mark. 4:39).**

Toe Hy die weduwee van Nain ontmoet het wie se enigste seun gesterf het, en by 'n ander geleentheid, die twee susters wie se broer Lasarus gesterf het, het Hy nie vir hulle gesê: "God wou hom huis toe neem" nie. Nee, Hy het met die dooie seun gepraat: **"Jongman, Ek sê vir jou, staan op! (Luk. 7:14)** Buite Lasarus se graf het Hy gesê**: "Lasarus, kom uit!" (Joh. 11:43)** Al twee mans het lewendig geword.

Wat het jy oor jou situasie gesê?

Wanneer jy die pyn in jou liggaam voel, moenie van die Here sê: God wil hê dat ek siek moet wees om my te leer om Hom meer te vertrou." In plaas daarvan sê: "Here Jesus, ek dank U Dat ek deur U wonde genees is." **(1 Peter 2:24)**

En terwyl jy probeer om te oorleef, moenie vir die Here sê: " Die Here hou my arm om my nederig te hou." In plaas daarvan sê " Die Here is my Herder; niks sal my ontbreek nie." **(Ps. 23:1)**

Ons leef in die laaste dae waar daar terroriste aanvalle en dodelike virusse rond beweeg, en die wêreld is bang. Ons sal egter nie negatiewe woorde spreek en bevrees wees soos die mense van die wêreld is nie. In plaas daarvan sal ons God se Woord spreek en oor hierdie dinge heers. Soos die psalmis, sal ons van die Here sê: **"Hy is my toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou" (Ps.91:2).** Vind dus uit wat God se Woord oor jou situasie sê, glo dit en verklaar dit. En omdat God se Woord nie leeg na Hom terug keer nie **(Jes.55:11)**, sal jy sien wat jy glo en bely sal gebeur!

Ons dank die Here altyd vir jul gebede, liefde en voorsiening vir die diens van die Here vanuit die Sentrum.

Wees verseker van ons liefde en gebede vir elkeen van julle. Mag die Here julle oorvloedig seën.

Liefde groete

Meg en die span.

Meg en die Gebedspan

Ons God van wonderwerke..

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

My getuienis – het blind geword in regter oog, kan weer sien.

Op 22 Feb. 2016 die oggend het ek skielik blind geraak in my regter oog. Ek het 'n seldsame siekte gekry nl. "polymialgia Rheumatrica & Gaint Cell Aterituis" waaroor elkeen maar kan gaan lees. Maar in kort is dit die witbloedselle wat die rooi bloedselle begin aanval en vernietig. Polymialgia beteken in Afrikaans "Pynlike" en as dit, soos in my geval nie betyds diagnoseer word nie, kan dit na gesig versprei en mens binne sekondes blind maak en ook 'n blasie in hoofslagaar langs mens se slaap veroorsaak en dan bars en mens se dood kan veroorsaak.

Polymialgia Rheumatrica is mens se lyf self waar erge pyne voorkom en stadig versprei en wanneer dit nie betyds diagnoseer word nie, versprei dit na jou kop en oë want dan Gaint Cell Aterituis genoem word. Op die stadium kan geen bloedtoetse dit optel behalwe om te wys dat mens se bloed al dikker en dikker raak nie. Ek het al deur RSG stasie gepoog dat mens die seldsame siekte waar baie ouer mense wat dit kry en ons reeds twee ouer mense kon help daarmee, die simptome aan mense gee dat hulle nie deur dieselfde proses gaan waardeer ek gegaan het nie. Want baie word eers behandel vir hoë bloeddruk wat deur die dik bloed veroorsaak word en pyne onder arms wat oor tyd stadig versprei, baie sweet, moegheid, ens. Kortisoon is al wat mens kan gesond maak en geen pynpil help nie. Natuurlik kan ons Skepper ons ook gesond maak. Dit kan tot drie jaar neem. Wanneer mens blind raak in een of al twee jou oë, is jy vir altyd blind. Die senuwee gaan eenvoudig net dood agter jou oë. 'n Ouer dame in oogkundige se spreekkamer in Bellville het letterlik voor hom 'n sekonde of 3 blind geraak. 'n Jong seun van 15 het dit gekry, maar is genees vandag. Meeste gevalle kom voor van 50 jaar af of op, maar meer gevalle kom nou voor in die 40's. Daar kan nog nie 100% vasgestel word wat die oorsaak is nie, maar in baie gevalle het hoë aanhoudende emosionele skokke oor tydperk in baie gevalle van mense voorgekom. Jou immuun stelsel draai dan eenvoudig teen jou.

Om lang storie korter te maak, die volgende: Op 22 Februarie 2016 het my regter oog skielik begin dowwer sien. Ek het gedink dit is iets in my oog, maar die beeld het net eenvoudig dowwer en dowwer geraak. Was so dowwe wit kleur. Als het in sekonde of twee gebeur. Ek was geskok, ongeloof van "dit kan nie waar wees nie". Ek is dadelik na 'n spieël om te kyk of ek iets met my linker oog kan sien (of daar iets is in my regteroog en/of kleur verander). Ek het dadelik begin bid tot ons Skepper in Jesus se Heilige Naam vir herstel. Ek het ook my Ma geskakel dat sy dadelik vir my moet bid, want ek was ook bang dat ek my linker oog se sig gaan verloor. Duisende goed maal deur jou kop, skok, gaan ek nog foto's kan neem, werk, stap in die berge, ens. Ek het ook emosioneel geraak en gebid tot ons Vader se genade vir my. Ek het ook my verloofde gebel en was die vrees dat ek niemand eers sal kan bel as ek nie vinnig genoeg skakel nie, aangesien my linkeroog ook so kon raak. My Ma het ook Stanger se gebedsentrum geskakel wat ook dadelik ingetree het vir my!! Almal het net begin bid en ekself ook. Ek het my vingers voor my blinde oog gewaai om te sien of daar iets is wat beweeg, maar niks. Dit het so onwerklik gevoel…… ek het gelê op die bed, opgestaan…… mens weet nie wat om te doen nie, dit kan vir altyd so wees. So het almal vir my gebid. Die Here, ons Vader is so getrou, Sy genade baie groter as wat ons verdien, Sy liefde groter as wat ons besef….. na ongeveer 5 minute het ek weer my vingers/ hand voor my gewaai (eintlik aanmekaar gedoen). So sien ek of daar ver wag iets wil beweeg. Ek was onseker of daar nou iets gebeur. Ek het aangehou waai…….. bly bid en smeek tot my Skepper. So begin ek vier "blur/dowwe" strepe sien met my regter oog. Dit het helderder en helderder begin raak. Die wit dowwe kleur het weer in kleur verander……. en daar kon ek weer sien. Ons besef nie wat ons het tot ons dit verloor nie. Ek prys ons Skepper dat Hy ons gebede gehoor het en my weer kon laat sien. Hy is verseker Jehovah Rapha, die EEN wat ons genees. Dankie vir elkeen se gebede, dankie YAHshua dat U vir my ook aan die kruis gesterf het vir al my sondes, dankie Adonia (Lord and Master), ons Here; dat U my genees het. Ek kan weer foto's neem, stap en werk. U is die Alfa en Omega!!! U is El Olam, the everlasting God.

Amen

Dirk Boshoff